www.xtrapapers.com

N12/1/A1AFR/HP1/AFR/TZ0/XX

88120001

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 1**
**AFRIKÁANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 1**

Tuesday 13 November 2012 (morning)
Mardi 13 novembre 2012 (matin)
Martes 13 de noviembre de 2012 (mañana)

2 hours / 2 heures / 2 horas

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only.
- The maximum mark for this examination paper is *[25 marks]*.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Rédigez un commentaire sur un seul des passages.
- Le nombre maximum de points pour cette épreuve d'examen est *[25 points]*.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento.
- La puntuación máxima para esta prueba de examen es *[25 puntos]*.

8812-0001



© International Baccalaureate Organization 2012

www.xtrapapers.com



*Skryf kommentaar op* ***een*** *van die volgende.*

**1.**

**Die eerste begrafnis**

Ouma Lewies was die eerste om uit die kerk begrawe te word. Nadat die kis die kerk ingebring en op twee bankies neergesit is, het Oom Chai na Oupa Lewies toe geloop. Sonder ’n woord het hy George Lewis se Engelse Bybel gevat en sy eie Hollandse Bybel op die tafel neergesit. Hy het die Engelse Bybel oopgemaak en gelees: *In my Father's house are many mansions, if it were not so I would have told you so*.

Die kerk was stampvol want Vatmaar se mense was deel van Ouma Lewies. En dit was ’n Sondag.

Daar is nie gepreek nie en Nader my God by U is nie gesing nie. Daar was net ’n lang oomblik van stilte.

Toe vat hierdie witman die hande van sy twee gekleurde kinders en gaan staan by die koppenent van die kis. Hy het in die swart gesig van sy geliefde Ruth gekyk en in ’n mooi, ryk stem gesing: Rock of Ages, cleft for me, *Let me hide myself in Thee* … Al vier verse.

Die kis is toegemaak en op Oom Flip se trollie getel en Ou Swaai het geweet sy moet nie haastig wees nie, die hele Vatmaar loop agter haar aan.

Langs die graf het Oom Chai met ’n gebroke stem Nader my God by U begin sing. Vatmaar het die woorde geken en dit gesing asof dit uit een hart kom en asof hulle met die Hemelse Vader van Vatmaar praat. Daarna is die kis laat sak. Oom Chai het ’n paar handevol sand in die graf gegooi en in Engels gesê: *Dust to dust, ashes to ashes* – uit respek vir sy vriend se taal.

Terwyl die graf toegegooi word, het Oom Chai na Oupa Lewies se gesig gekyk, sy hand gevat en hom weggelei. Hulle het mekaar omhels soos net tweelinge kan. Albei het begin huil. Die trane het op die skouers van die twee grysaards gedrup terwyl hulle so staan. Almal het stil geraak. Toe het die twee ou vriende hulle arms laat sak en sonder om na te dink het elkeen sy kakiesakdoek uitgehaal en die ander se gesig afgedroog. Die mense het dit alles doodstil staan en aankyk. Oom Flip het met ’n stadige skud van sy kop gesê: Die liefde ken nie grense nie.

A Hendrik Scholtz, *Lewensoop* (2002)

www.xtrapapers.com



**2.**

## PA NEEM DIE PLAAS OOR

Die ou huis word afgebreek tot bouklip
vir die nuwe skuur en die waenhuise
by Van Kloofwyk se werf.  Die rondawel
bly tussen appelkoos-, perske- en appelbome,

soos die rankroos in die denneboom,
die palmlelies en die Harrismith-kweek.
Met slee en osse kom klip na klip,
houtrame, sinkplate en dakkappe aan.

’n Beeskraal en ’n perdestal vir Dapper,
die blink vosperd, verrys stewig
langs die boord en omgespitte land.
Hy koop ’n bul, verse en span draad,

sit sewe hekke in, laat die kampe bewei
en ry paaie oop van kamp tot kamp.
Fonteine word uitgemessel, die windpomp
op 31/3/1960 deur Jan Fourie opgerig.

Hy plant bome: bloekom- en wattelboom,
denne en seders; ook ’n ligusterheining.
In die tuin bou hy terrasse en ry grond
van die skyfskietput en ashope in.

Klip vir die paadjie word uit die rant
gebreek, die telefoonpaal uit die oog geskuif
en ’n versteende boomstomp deur Sloepek
en werkers dae lank gesleep tot op sy plek.

’n Kraan word aangelê, sooie kweek uitgepak,
die laventelbos verplant, vygies ingelê.
Hy snoei Ouma se rose uit Memel se wêreld
en probeer ’n steggie van oorkant hier vestig.

Die huis se mure word nuut oorgeplak,
die deure geverf, ander gordyne gehang.
Hy haal die horings teen die stoepmuur af,
die portrette van die oumense uit die sitkamer,
en steek dit saam met die stamboom aan die brand.

Johannes Marais, *Tergniet* (1990)